// KOERSVAS

Blitsberig
Oktober 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Berig oor hofsaak**
**Uitnodiging na byeenkoms**

Presies twee jaar gelede was dit nodig om 'n Blitsberig uit te stuur. Getrou aan ons beleid van eerlike, deursigtige kommunikasie moet ons die lesers in kennis stel:

**2024 APPÈLHOF UITSPRAAK**

- **<u>Die agtergrond:</u>**

1. In Januarie 2022 het die Hooggeregshof beslis dat die saak tussen die GHG en die NHKA akademies van aard is; aangesien die NHKA erken het dat hulle as derde party geen inspraak het by gemeentes se besluit om eiendomme te skenk nie.
2. Die NHKA het geappelleer na die Appèlhof in Bloemfontein.
3. Hierdie verhoor is verbasend vroeg in September 2024 aangehoor in Bloemfontein.
4. Net so verbasend gou is die uitspraak gelewer op die laaste dag van September 2024.

- **<u>Die Hoogste hof van Appèl se beslissing:</u>**

1. Die NHKA se klein gemeentes van Meyerspark, Tuine, Die Wilge en Koster word by die aansoek om verlof tot appèl gevoeg. Dit beteken:
   a. Dat die hof sonder om oor die regsposisie van die sogenaamde gemeentes te besluit, tog besluit om hulle by die aansoek om verlof tot appèl te voeg.
   b. Die gemeentes is vir die proses van appèl deel van die saak.
   c. Dit beteken nie dat die so-beweerde klein gemeentes deel van die saak in die toekoms is nie.
   d. Die NHKA se klein gemeentes gaan nou moet aansoek doen om deel van die hofgeding te word. Dit gaan nie so maklik wees om te doen nie.
   e. Die Appèlhof het geen uitspraak gelewer oor die bestaan, al dan nie, van die sogenaamde klein gemeentes nie.
2. Die aansoek om verlof tot appèl word toegestaan. Dit beteken:
   a. Die appèlhof gaan argumente oorweeg.
   b. Dit gaan deel van dieselfde verhoor wees.
3. Die appèl word gehandhaaf. Dit beteken:
   a. Die hof het nie beslis dat die NHKA beslis belang by die saak het nie.
   b. Die Appèlhof het bevind dat die regter wat (Januarie 2022) in ons guns beslis het, haar beslissing gegrond het op 'n argument wat nie deur enige van die twee partye aangebied was nie.
   c. Die uitspraak is dus herroep, en die saak moet van vooraf aangehoor word. Die saak moet terugverwys word na die Gauteng hooggeregshof.
   d. Die saak moet deur 'n ander regter verhoor word.

    e. Die geskeide geskilpunt soos in 2016 deur regter Dawie Fourie geformuleer, moet weer aangehoor word.
    f. Die Appèlhof se uitspraak het slegs te doen met ‘n <u>prosedurele fout</u> wat die regter gemaak het, en nie met die meriete van ons saak nie.
    g. Die derde party klousule is nie in gedrang nie.
4. Die hof het beslis dat die GHG se verenigings vir die kostes vanaf 2022 verantwoordelik is.
    a. Ons sal die teenparty se kostes moet betaal.

- **<u>Wat nou?</u>**

1. Die sogenaamde klein gemeentes moet by die saak gevoeg word.
2. Die gemeentes sal eie bestaan en regspersoonlikheid moet bewys.
3. Sodra die klein gemeentes gevoeg is, kan die saak weer op die rol geplaas word.
4. Die Appèlhof het nie ’n uitspraak gemaak oor regsargumente nie, net oor prosedure. Die hof het bevind dat die regter nie die regte prosedure gevolg het nie.
5. Enige bewerings aangaande ’n regsoorwinning sal van alle waarheid ontbloot wees. Ons gaan egter vir die regter se (volgens die Appèlhof) fout moet betaal. Die Verenigings en gemeentes gaan die regsrekening na die taksasieverhoor moet betaal.
6. Hierdie is bloot ’n finansiële- en tyd-terugslag.
7. Ons regsposisie is sterker. Die derde party beginsel (*privity of contract*) sal in ons volgende hofstukke wees en sal waarskynlik die einde van daardie NHKA sinodale poging beteken.
8. Hulle fokus het skynbaar verskuif na die sogenaamde klein gemeentes.
9. Die NHKA is skynbaar verbind tot oneindige litigasie soos blyk uit die saak hierdie jaar (Junie) gebring teen Roedtan gemeente.
10. Die nuwe verhoor sal waarskynlik nou later plaasvind.
11. Ons moet deurlopend genoeg geld insamel om hierdie skynbaar-oneindige regstryd-aanslag te kan weerstaan.

**Uitnodiging**

Die GHG-bestuur het op 4 Oktober besluit om die verslag soos hierbo geplaas, aan almal uit te stuur. Daarmee saam is besluit om alle predikante en voorsitters van die verenigings uit te nooi na ‘n byeenkoms om die inhoud van die uitspraak asook die regs- en finansiële implikasies te bespreek.

Hierdie saak is van groot belang. Daar is derhalwe besluit om ook alle **Bondslidmate** en **steedsHervormers** uit te nooi om die geleentheid by te woon. Saam staan ons, saam stry ons. Wees ’n ingeligde lidmaat!

**Byeenkoms**: Inligting en bespreking van Appèlhof uitspraak

**Plek**: Meyerspark Hervormde Kerk, Havelockstraat 15, Meyerspark

**Tyd**: 26 Oktober 10:00 stiptelik begin ons. Koffie en tee vooraf.

Op die sakelys: Inligting, geleentheid tot vrae stel, bespreking van die finansiering van die pad vorentoe.

RSVP: johan.otto@geloofsbond.org.za of frans.marais@geloofsbond.org voor 23/10/2024 ter wille van voorbereiding.